DIE BERGKLUB VAN SUID-AFRIKA

AFDELING STELLENBOSCH
POSBUS 152, STELLENBOSCH, 7599
Faks: 086 628 5477
e-pos: stellenbosch@mcsa.org.za
Internet: http://www.ste.mcsa.org.za

OMSENDBRIEF NOMMER 247 **SOMER (Desember 2007 tot Februarie 2007)**

"Essentially, we are all slowly dying when we are going up to the summit [of Everest]"
Dr. Sutherland, Oxford.

• JAARVERGADERING 2006

Die belangrikste terugvoer van die jaarvergadering, gehou op Donderdag, 12 Oktober 2006 is:

1. Ons dank aan die Steinmanns vir die gebruik van hul 'onthaalarea'; dié wat gebraai het, het lekker geëet, dié wat net kom inloer het kon lekker gesels en dié wat nie daar was nie, . . .
2. Twee nuwe veranderinge op die bestuur: Heinz Jacobs tree as nuusbrief redakteur af en Pieter Diener, 'n ou staatmaker, neem die plek in van Jaap van Wyk as Tesourier en Lede-sekretaris. Die res bly onveranderd, Gerhard word vir 'n derde termyn as Voorsitter verkies. Die nuwe bestuur en die verdeling van die portefeuljes word op die laaste bladsy van die nuusbrief uiteengesit. Daar word nog gesoek na gewillige lede om op die bestuur te dien.
3. Die Afdeling se biblioteekboeke is verkoop vir nagenoeg R300.

• LEDEGELD

Die ledegeld en aansoekersfooi bly onveranderd vir 2007: Hooflid R150 (insluitend die joernaal), addisionele lid R60, gesinslid R35. Die nuusbrief alleen is R35. Die aansoekersfooi is R35. Ingesluit by hierdie omsendbrief is jou ledegeld betalingsadvies en vraelys. Betaal asb. jou ledegeld so gou as moontlik en stuur jou gegewens vir ons terug sodat ons ledelys steeds opgedateer kan bly.

• GASTEFOOI

Om gaste aan te moedig om eerder aansoek te doen om lidmaatskap (ons soek mos nuwe, aktiewe lede – red), is besluit om voortaan 'n fooi van R20 per persoon te hef op alle uitstappies.

• LEDESAKE en NUUS

Daar is geen nuwe lede of aansoekers sedert die vorige Nuusbrief nie. Ons het één bedanking van François Joubert af ontvang.
Su Vogel het laat weet van hul seun, Simon, se geboorte en verduidelik dat dit die rede is waarom ons hulle nog nie hierdie jaar in die berge gesien het nie (en seker eers weer volgende jaar sal sien! - red).
Baie geluk ook aan Riaan Doorduin en Kari van den Dool met hul onlangse verlowing! Ons vertrou dat die trou-beplanning en liefde nie te veel met sy BKSA-bestuursake sal inmeng nie, of nog beter, dat die nuwe vangs ook by die BKSA betrek sal word!

Ons is baie dankbaar vir al die lede wat al vir meer as 30 jaar lid van ons Afdeling is. Daar is altesaam dertig van hulle. Onder hulle is daar ses wat langer as 40 jaar reeds lede is. Hulle name: Hennie van der Vyver, Christopher Spottiswoode, Fritz Scheffler, Etienne Weideman, Reinhard Meyer en Prieur du Plessis. Baie geluk aan hulle !

Ons enigste erelede is Dieter en Maretha Steinmann. Dieter is ook reeds dertig jaar by die Afdeling betrokke. Baie geluk aan hulle.

Correne Coetzer vertrek op 12 November Antarktika toe. Die keer om van die kus (Hercules inlet) tot by die pool te ski; 'n afstand van 1200km oor 60 dae. Ons kan haar vordering dophou op www.correne.co.za. Sterkte en baie sukses word haar toegewens.

• DIE PIEK STEMPEL PROJEK

Ken u die frustrasie om bo-op 'n berg te kom en uit te vind dat daar nie 'n rekord is waarin u die feit kan boekstaaf nie? Of nog meer: die boekie wat daar is, is deurnat of die pen wil nie meer skryf nie. Die bestuur wil graag met 'n nuwe initiatief begin om stempels op pieke, wat redelik gereeld deur ons Afdeling se lede geklim word, te plaas. Ons vertrou dat dit 'n nuwe dryfkrag sal skep om ons lede weer op die bergtoppe te sien. Vir sommige mag dit dalk 'n uitdaging wees om al die stempels te versamel.
Die plan is om die geïdentifiseerde pieke, soos dit op die klimprogram verskyn, te gaan uitklim en dan by elkeen se baken 'n spesiale houer met rubberstempel, stempelkussing en ink te los. Elke rubberstempel is uniek, dit bevat naas die embleem van die BKSA, Afdeling Stellenbosch, ook die naam en hoogte van die piek. As daar hopelik teen die einde van 2007 voldoende stempels geplaas is, sal dit vir ons lede 'n lekker geleentheid bied om die verskillende stempels op 'n stempelkaart te versamel. 'n Element van kompetisie kan ontstaan: wie sal tien verskillende stempels in die kortste tyd kan versamel? Indien dit jou belangstelling wek, bestel dan jou persoonlike 10-pieke stempel-kaart op die meegaande ledegeldhernuwingsvorm.
As eerste fase van die projek is die volgende pieke geïdentifiseer vir ons eerste stempels:
Pieke, 1494m; Du Toitspiek, 1994m; Victoriapiek, 1591m; Buffelshoekpiek, 2059m; Simonsberg, 1390m; Haelkop, 1384m; Sybasberg, 1899m; Mostertshoek Tweeling, 2031m; Baileys's piek, 1517m en Matroosberg, 2249m.
Ons sal u deur middel van die omsendbrief op hoogte hou van die plasings wat afgehandel is.
Die pieke stempelprojek is in die eerste plek daarop gemik om die bestaansrede van die Bergklub uit te leef naamlik, om berge te klim. As tweede bonus sal die BKSA Afdeling Stellenbosch nou letterlik en figuurlik hulle stempel by die bergtoppe los.
Indien jy wil help, kontak die bestuurslid vir klimprogram by uitstappies by ste.mcsa.org.za.

• MCSA CALENDER

Cape Town Section will be publishing a 2007 calendar. Details will be forthcoming, but it will feature Club properties.
Daar is tans by Dave Davies op "First come, first serve" basis in Houtbaai gratis 2006 (let op: 2006, nie 2007) BKSA-kalenders beskikbaar vir diegene wat laat geslaap het.

• MCSA JOURNAL SALES

Cape Town Section is selling excess stock of previous Journals in packs of 10:
- 1990's pack R260 for the pack
- 1980's pack R90 for the pack
- 1970's pack R75 for the pack

Contact Rose Ferguson: mcsacapetown@iafrica.com if you are interested.

• MCSA SUPERTRAMP AWARD 2007

Young and raring to go? Original? South African citizens who are no older than 25 years as from 31 December 2006 and who in 2007 will be participating in or leading an expedition of South African mountaineers must not miss applying for the 2007 MCSA Supertramp Award awarded under the auspices of Magaliesberg Section. The award is worth some R12 000! Eligibility (destination): Any country – including South Africa - for any length of time. Preference will be given to originality as well as to first ascents and/or unusual/remote destinations. The award will be granted to a single person, whether or not the expedition team comprises two (or many) young South African mountaineers. The recipient may then decide the manner in which the money is spent. The prescribed application form should be submitted by email, no later than 30 December 2006 for an expedition planned for 2007. Additional material can be supplied as hard copy or on CD by post. For more info or an application

form, see: http://www.mcsa.org.za/cent/g_youth/guidelines/guidelines.php or contact Petro Grobler at 012-809 1022, Supertramp@mcsa.org.za.

• THOMAS HUT 75-YEAR CELEBRATION

In August 1931 the Thomas Hut was officially declared open. The Worcester Section of the MCSA celebrated this event on a wet Friday night of 3 November with an informal dinner at the lapa in Fairy Glen Game Park. Members were encouraged to sleep over in the lapa and the next morning to proceed to the Thomas Hut, where festivities continued. Despite the wet and cold conditions on Saturday some 45 members went up to the hut which is situated in one of the beauty places of the Hex offering spectacular views on Brandwag, Fonteintjies Peak, Meirings Plateau and Audenberg. That evening snacks and wine were on offer at the hut. A publication on the history of the Hut was on sale. The occasion served as the 2006's official joint meet of the Western Cape Sections.

• NATIONAL MEET 2007

The 2007 National Meet will be hosted by Tygerberg Section in the Cederberg from 22-29 September 2007. Base Camp will be at Driehoek. More details will be forthcoming but in the meantime the contact person is Irene Vermeulen (sscc@cybertrade.co.za; 021-975 4901; 072-303 3200).

• JOHANNESBURG SECTION 75: MEMORABILIA

'The Diamond Years, 1931-2006' tells the story of the Johannesburg Section from its earliest beginnings through to the present day. This 64 page (210 x 297mm) full colour book contains a wealth of archival material, photographs and stories, which chronicle the achievements and adventures of the Section's intrepid members. Pioneering expeditions from the first ascent of the Devil's Tooth to the first South African ascent of the Trango Tower are all recorded and illustrated. Copies of the standard edition of 'The Diamond Years, 1931-2006' at R75 per copy (incl VAT) can be ordered from Johannesburg Section (see contact details for Uschi Magg below) and are already available.
Also, 75th Anniversary T-Shirts, blue or white, are available: short sleeves R85, long sleeves R95.00 at Johannesburg Section club evenings or contact Uschi (011-807 1310; admin@jhb.mcsa.org.za).

• NEW EDITION OF 'BARRIER OF SPEARS'

That classic of the Drakensberg, 'Barrier of Spears', written by Malcolm Pearse's late father Reg Pearse in 1973, will be available in a completely new edition – revised and updated, and in a new, modern format. The complete book is printed in full colour and contains about a hundred previously unpublished photographs, including many of Malcolm's 'Ansell Adam's' style pictures from "A Camera In Quathlamba". The book will available from the 31st October. Retail price will be in the region of R370 including VAT.
Kersfees is mos om die draai ! [redaksie nota]

• ANDER BERGKLIM NUUSBROKKIES

- ✓ On July 23, 10-year-old Jordan Romero, became the youngest climber to reach the summit of Kilimanjaro, Uhuru Peak, in 3 days.
- ✓ A 75-year-old Hong Kong man has become the first passenger to die on board the world's highest railway line from Lhasa (Tibet) to Xining (Western China) to Tibet, running 1 142km and climbing to 5km above sea level on the Tibetan plateau. The train, opened on 1 July, has oxygenated air pumped around its carriages and oxygen tubes beneath seats for passengers who suffer altitude sickness.
- ✓ Onlangs het een van ons lede weer by Dave Davies (Mountain Mail Order) in Houtbaai gaan inloer en wou aandring op die 10% "BKSA-afslag" wat in die verlede aan BK-lede gebied is (ten spyte daarvan dat die pryse reeds die laagste was in vergelyking met ander winkels vir die bepaalde produkte). Dit het egter aan die lig gekom dat hierdie 10%-afslag-reëling 'n geruime tyd gelede reeds verval het. Die nuus is blykbaar al "ou nuus" by die Kaapstad-afdeling, maar ons Afdeling was nog salig onbewus van hierdie "BKSA-voordeel" wat stilletjies verval het.

- ✓ MT.EVEREST - CAUSES OF DEATH (Aug issue of the British Medical Journal): According to Dr.Sutherland, a Wellcome Research Training fellow in Oxford, one in 10 mountain climbers die while trying to scale Mount Everest (8 850m). Injuries and exhaustion are the leading causes of mortality and altitude sickness is a significant threat and a factor that becomes increasingly deadly above 8 300m. He also said it's a popular misconception that the deaths are limited to inexperienced climbers who pay $60,000 or more to be guided up the mountain. It has more to do with people exceeding their "altitude ability," he said. Sutherland thinks that anyone moving slower than 1 to 1.5 hours per 100 vertical meters is going too slowly and should turn back. Most of the deaths occur on the descent after having reached the summit. "Essentially, we are all slowly dying when we are going up to the summit".
- ✓ The British Mountaineering Council will be holding an International Winter Climbing Meet from 23 February - 2 March 2007 at Glenmore Lodge in Scotland. More details can be found on the MCSA Web Site. The event is highly subsidised by the BMC and there will be a nominal fee of £65/person. Contact Ulrike Kiefer for more details (ukiefer@icon.co.za)
- ✓ INTERNATIONAL MOUNTAIN DAY, 11 DECEMBER 2006: "Managing Mountain Biodiversity for Better Lives" is the theme of UN International Mountain Day 2006 -- an opportunity to raise awareness about the need to manage mountain biodiversity in a sustainable manner, to highlight promising models and to build partnerships at all levels to promote biodiversity management that will reduce poverty, improve livelihoods, and protect mountain environments for us all. For further information on International Mountain Day 2006, contact: alemneh.dejene@fao.org or http://www.mountainpartnership.org/newsletter6-2006.html.

• NUUS VIR DIE NUUSBRIEF EN NUUS OOR DIE NUUSBRIEF

Die verandering van 3 na 4 Nuusbriewe het daartoe gelei dat party lede ietwat laat met nuus by die Nuusbriefredakteur opdaag. Die nuwe bestuur het besluit om by die kwartaallikse Nuusbriewe te hou. Die afsnydatums vir bydraes in die komende jaar is soos volg, met die beoogde datum van publikasie in hakkies:
No.247: Te laat vir hierdie nuusbrief (17 Nov 2006)
No.248: 9 Feb 2007 (16 Feb 2007)
No.249: 11 Mei 2007 (18 Mei 2007)
No.250: 10 Aug 2007 (17 Aug 2007)

Die nuwe bestuur is dringend op soek na 'n belangstellende lid om by die Bestuur aan te sluit en die Nuusbrief saam te stel. Die taak behels die samestelling van 3 nuusbriewe (sien datums hier bo). Die geskikte persoon moet oor kennis van MS Word beskik, moet toegang hê tot MS Word en ook e-pos. Verkieslik moet die persoon binne bereik van Stellenbosch wees om 3 Bestuursvergaderings (verspreid oor die jaar) by te woon, sowel as om die Nuusbriefkoeverte by die Ledesekretaris af te haal alvorens dit gepos word. Kontak gerus enige van die Bestuurslede vir meer inligting.

• UITSTAPPIELEIERS

Weereens ‘n woord van dank aan almal wat uitstappies gelei het. Ons vra om verskoning aan diegene wat gesukkel het om verslae in te dien – of steeds sukkel! Daar is verskeie probleme ondervind met die e-pos tydens die indien van uitstappieverslae.
Die probleme blyk nie met die BKSA se e-pos te wees nie – elke toetslopie wat ons uitgevoer het (ook "van buite") om soortgelyke probleme na te boots, werk sonder uitsondering. Daar word vertrou dat die probleme in die toekoms sal verminder.

• UITSTAPPIESTATISTIEK

Die bestuur het besluit om weens beperkte mannekrag die volhoubaarheid van die Uitstappiestatistiek te ondersoek. Die insamel en byhou van detail statistiek is 'n tydrowende proses en, alhoewel dit interessante leesstof maak en vir die Besuur van belang is, is dit nie kritiek om dit nie by te hou nie. Voortaan sal die vlak van statistiek wat bygehou word vereenvoudig na die hoeveelheid uitstappies wat plaasgevind het en die gemiddelde, minimum en maksimum hoeveelheid deelnemers.

• KLIMPROGRAM: Januarie tot Februarie 2007

Let wel :

- Deelname aan uitstappies geskied op eie risiko.
- Bel asseblief die leier voor elke uitstappie om jou plek te bespreek. Sluitingsdatum gewoonlik een week voor naweekuitstappies.
- Die tye op die program aangedui is vertrektye, kom asseblief 10 minute vroeër.
- Indien jy twyfel oor die moeilikheidsgraad van die uitstappies, bel die leier vir meer inligting.
- Nie-lede betaal R20 vir deelname per uitstappie plus die volle permitfooi.
- Persone wat kanselleer na die sluitingsdatum sal vir permitkoste aanspreeklik gehou word.
- Die normale samekomsplek vir alle uitstappies is voor die US Elektriese Ingenieursgebou se ingang (parkeerterrein aan die Oostekant van die Ingenieursgeboue uit Banhoekweg), tensy anders vermeld.
- In geval van verslegtende weersomstandighede besluit **die leier** om 'n uitstappie te kanselleer of nie. In geval van twyfel skakel die leier, nie die weerkantoor nie.

AANDAG LEIERS: Stuur 'n volledige uitstappieverslag aan die bestuurslede vir klimprogram en omsendbrief. Die e-pos adresse is op die agterblad van die nuusbrief. Stuur 'n harde kopie aan Die Sekretaris, BKSA, Posbus 152, Stellenbosch, 7599. 'n Faks kan ook gestuur word aan ons nuwe faksnommer: 086 628 5477. Die uitstappieverslagvorm word aan alle leiers saam met die omsendbrief gepos. Die vorm is ook via ons tuisblad bekombaar.

LW: SIEN OMSENDBRIEF 246 VIR UITSTAPPIES IN NOVEMBER EN DESEMBER 2006

SONDAG 14 JANUARIE 2007 - WITRIVIER, BAINSKLOOF

Ons stap van Eerste Tol na Tweede Tol langs die Witrivier in Bainskloof.
Kontak leier voor die tyd aangesien getalle beperk is tot 12 persone.
Leier: Peter-Jan Randewijk 083 556 5809, 021 883 8592(h) of e-pos: pjrandew@sun.ac.za
Vertrek: 6h30 vanaf die Elektroniese Ingenieursgebou
Bydrae tot brandstof: R50

SATERDAG 20 JANUARIE 2007 - HANGKLIPPIEK, PRINGLEBAAI

'n Rustige stap op na Hangklippiek met 'n besoek aan die feetjie grot.
Leier: Coenie Calitz 887 0705(h)
Vertrek: 7h00 vanaf die Elektroniese Ingenieursgebou; vir dié wat nie vanuit Stellenbosch vertrek nie, wag om 7h45 by die hoof afdraaipad na Pringlebaai.
Bydrae tot brandstof: R50

SONDAG 21 JANUARIE 2007 - NUWEJAARSBLOMME, KLEIN DRAKENSTEIN, PAARL

'n Gesamentlike uitstappie met die Paarl/Wellington afdeling vanaf die plaas 'Olive Glen farm'. Ons stap op na die nek tussen Middagberg en Klein Drakensteinkop. Dan al langs die suidelike rant van Middagberg tot agter in 'n klein klofie waar die waterval geleë is. Die omgewing rondom die waterval is bekend vir sy nuwejaarsblomme en disas. Bel die leiers voor Donderdag vir permitdoeleindes.
Vertrek: Op eie stoom om 6h15 vanaf die Elektroniese Ingenieursgebou vir ontmoeting met Bruce en Avril op hul plaas 'Olive Glen', Klein Drakenstein om 7h00. Neem afrit 62A voor die N1 Toll Plaza, ry vir 2km op die Du Toitskloofpas, draai dan regs na plaas en geel huis op heuwel.
Navrae: Bruce en Avril Powrie 873 0960(w) of 082 921 4325(h) vir kaart met toegang.

NAWEEK 27-28 JANUARIE 2007 - GROOT DRAKENSTEINPIEK, EIKENHOFKLOOFABSEIL

Ons vertrek Saterdagmiddag en oornag hoog op in Duiwelskloof. Sondag klim ons Groot Drakensteinpiek en gaan af met Eikenhofkloof. Onthou harnas, skroef karabiner en figuur-8. Getalle beperk.
Leier: Paul Verhoeven 887 4113 of e-pos: pfmv@sun.ac.za
Vertrek: 13h00 vanaf Elektriese Ingenieursgebou
Bydrae tot brandstof: R20

SATERDAG 3 FEBRUARIE 2007 - WOLWEKLOOF, GROOT DRAKENSTEINBERGE

Heerlike rustige kloof met poele om die hitte van die dag te omseil. Middagete by die waterval. Bring skoene om in water mee te stap. Bel leier vir meer besonderhede.
Leier: Dieter Steinmann 886 6043(h)
Toegangsreëlings: Lydia Cilliers 876 4461(h)
Vertrek: 7h00 vanaf Elektriese Ingenieursgebou. Bydrae tot brandstof: R30

MAANDAG 5 FEBRUARIE 2007 - SOSIAAL: SKYFIEVERTONING MOUNT KENIA

Ulli Deutschländer voorsitter van die BKSA Afdeling Hottentots Holland wys vir ons sy skyfies oor die Mount Kenia BKSA ekspedisie van vorige jaar. Kom kyk na die besonderse plantegroei en luister hoe Ulli vertel oor sy klim ervaringe op die noord wand van Batian (5199m).
Plek en tyd: Anorganiese Chemiegebou, Bosmanstraat, lokaal 2017 om 19h00
Navrae: Paul Verhoeven 808 3334(w) of 887 4113(h)
Verversings na die tyd.

SATERDAG 10 FEBRUARIE 2007 - DUTOITSRIVIER, FRANSCHHOEKPAS

Gesinsuitstappie na Dutoitsrivier, Franschhoekpas. Rustige swemuitstappie. Bring dryfgoed vir die kleinstes en die (rug)sakke. Bel leier voor Vrydag 9 Februarie.
Leier: Lydia 876 4461(h) of e-pos: lydiac@telkomsa.net
Vertrek: 9h00 vanaf Mont Rochelle se hek, bo-op Franschhoekpas
Bydrae tot brandstof: R40

SONDAG 11 FEBRUARIE 2007 - PIEKE, JONKERSHOEK

Op met Sentraalkloof, af met Nerina. Bel leier voor die tyd.
Leier: Gerhard van Wyngaardt 685 5428 (h) of 083 233 4927
Vertrek: 7h00 vanaf die Elektriese Ingenieursgebou
Bydrae tot brandstof: R15

NAWEEK 17-18 FEBRUARIE 2007 - LANDROSKOP NAALDE

Ons oornag by Johnsonhut en klim die naalde Sondag. Bel die leier voor die tyd. Ontmoet leier by Vergelegen hek, Somerset-Wes. Daar is die moontlikheid om te braai by die hut.
Leier: Ulli Deutschlander 808 3365(h) of 072 342 3615
Vertrek: Op eie stoom om 14h30 vanaf die Elektriese Ingenieursgebou om die leier te ontmoet by Vergelegen se hek, Somerset-Wes, om 15h00
Bydrae tot brandstof: R35

SONDAG 25 FEBRUARIE 2007 - KERKDIENS OP TAFELBERG

Die jaarlikse kerkdiens by Maclear's Baken. Bel asseblief die leier vir reëlings en roete. Onthou die ledekaarte om by Kirstenbosch hek in te kom, anders betaal jy.
Leier: Jaap van Wyk 887 5337(h)
Vertrek: 7h30 vanaf Elektriese Ingenieursgebou
Bydrae tot brandstof: R45

SATERDAG 3 MAART 2007 - AGATHA'S GULLEY, TAFELBERG

Harry van die Kaapstad afdeling neem ons op via 'Agatha's Gulley' met 'n dwarsstap rond Klaassenskop en deur die 'Hole in the Wall'. Die roete bied skadu in plekke met 'n bietjie klouterwerk. Vol waterbottels. Getalle beperk. Ontmoet vir Harry Green by Constantia Nek om 8h30.
Leier: Harold Green 674 2366 of e-pos: greenbos@absamail.co.za
Bydrae tot brandstof: R45

MAANDAG 5 MAART 2007 - SOSIAAL: SKYFIEVERTONING DEUR LEDE

Die Steinmann's en Calitz'e bied hulle mooiste skyfies van hul stap en klim in die Dolomiete.
Plek en tyd: Anorganiese Chemiegebou, Bosmanstraat, lokaal 2017 om 19h00
Navrae: Paul Verhoeven 808 3334(w) of 887 4113(h). Verversings na die tyd.

SATERDAG 10 MAART 2007 - WOLWEKLOOF, GROOT DRAKENSTEINBERGE

Gesinsuitstappie na Wolwekloof. Rustig met lekker poele.
Leier: Lydia Cilliers 021 876 4461(h) of e-pos: lydiac@telkomsa.net
Vertrek: 8h30 vanaf Robertsvallei
Bydrae tot brandstof: R30

• UITSTAPPIEVERSLAE

Waaihoek - Pic Delville, 7 – 9 Julie 2006

Ses bergklimmers van Kaapstad, Stellenbosch en Worcester afdelings, klim Vrydagaand 20:00 via Waaihoek na Hoare Hut. Morgan lei ons teen die afgebrande kranse uit. Die kopliggies is nou maar eenmaal 'n prysenswaardige uitvindsel, maar onverbeterlik was die perfekte maanlig om ons die berg uit te lei. Dit was Alida se eerste maanligstap en voorwaar 'n voorreg vir ons almal. Gouer as verwag, maar koud en moeg kom ons ongeveer half een by die hut aan. Wat 'n verligting om in 'n sagte donslaapsak in te kruip in 'n baie mooi geleë hut.
Saterdagoggend trotseer Morgan, Brian, Brigitte en Charlotte die ysige afgebrande styltes na Waaihoekpiek. . . [ingekort deur redaksie] . . . Dis 'n wonderlike gevoel om hier te wees, met Mosterthoek Tweeling links, dan teen die steil hellings af na die nek by Tarantula, om na Pic Delville. Die tyd het ons egter ingehaal. Michell's Peak: ons sal weer moet kom, maar teen 'n vinniger pas. . . . . [ingekort deur redaksie] . . . Sondagoggend begroet 'n oranje son ons oor die oosterkim en tooi die hele grys, afgebrande Waaihoek, Hoare Hut en omringende berge in 'n sagte oranje-pers gloed. Wat 'n gesig as jy jou oë oopmaak! François vergelyk hierdie afgebrande klippeland, 1629m bo seespieël, met 'n ander planeet. Voorwaar 'n ander wêreld wat vir min oë beskore is. Rustig stap ons terug totdat Brain, by die groen driehoek onder die kranse, ontdek dat hy, êrens agter ons, sy kamera van baie jare vergeet het. Maar 'n fikse man dink nie baie lank om al die pad terug te "draf" Hoare Hut toe om dit te gaan haal nie. Voor ons by Base Hut kom was hy al weer terug by die groep. Dankie Morgan [Behr] en elke een in die groep vir 'n heerlik ontspanne naweek.

Charlotte Stemmet

Zeebasbosch Werksnaweek, 5 – 6 Augustus 2006

Ons (Gerhard, Louw en Jaap de Lange) stap Saterdagoggend op tot aan die bopunt van die jeeppad en rig ons kamp daar in. Die res van die dag werk ons hoër op en links van die stroom in die uitgebrande denne. Ons stap al hoër op en kry eers water naby die bek van Toorkloof. Toe werk ons die res van die middag in die digte hakea net regs van die kloof se bek. Met geen bottels byderhand bied Louw aan om terug te stap plaas toe om al ons watersakke en –bottels vol te maak. Sondag werk ons rondom ons kampplek aan die denne en hakea. Na middagete pak ons op en is gelukkig om saam met David Hampton 'n rit met sy bakkie af tot op die plaas te kry.

Gerhard van Wyngaardt

Die Herontdekking van lang vergete Sederbergpasse, 23 – 25 September 2006

Ses staatmaker lede en één jong gas maak 'n trektog van drie dae om Sneeuberg in die Sederberge. Die roete begin op die draai by Uitkykpas. Ons loop in 'n Suidwaartse rigting hoog bo die opvanggebied van Duiwelsgatkloof. Al gou sien ons die kruin van Sneeuberg wat vir ons oor die volgende twee dae sal lê en loer. Ons bereik via Noordpoortpas Sneeuberghut se vlaktes maar ons gaan verder tot op die hoër geleë vlaktes van die Maltese kruis. Die aand word nog eers die sterrehemel bewonder voor elkeen in tente vir die nag wegkruip. Die volgende oggend maak die son ons vroeg wakker. Ons maak 'n stop aan die voet van die Maltese kruis en stap dan om Sneeuberg in 'n Westelike rigting onder die aansien van Apollo(piek). By Bakleikraal hoef niemand te baklei oor kos nie, want al gou gaan ons af in die Heksrivierkloof. Daar het ons 'n bietjie moes soek na pad en skaduwee maar die ergernis is gou vergeet deur die hellinge vol veldblomme en mooi watervalle. Ons sien Riempie se Gat maar stap deur tot by Dons se werf waar ons eers 'n lekker slaapplek in 'n beboste sykloof ontdek. Om tweeuur in die nag moes ons soek na *flysheets* of *all weather blankets* om so droog as moontlik tot die volgende oggend te bly lê en slaap. Die derde dag het elkeen van ons reën klere en warmer goed moes aantrek. Op die kop het Jaap iewers sy kamera verloor. Die ellende van nat en winderige toestande het met die klim uit Kruisrivierkloof ontaard in 'n jubelende gepratery oor die prag van hierdie roete, en planne is beklink om Sneeuberg en omliggende berge nog te gaan uitklim. Die geselskap het die lekker langnaweek by Piketberg se Spur afgesluit en die buitelandse gas het vir ons gewys hoe om 'n groot T-been te verorber.

Paul Verhoeven

MUG meet at Groot Winterhoek, 14 – 15 Oktober 2006

Thanks to those who participated in the multi-activity weekend at Groot Winterhoek in the middle of October. It was not the big launch we planned, but there were about 20 people there and we took part in hiking, trail running, mountain biking, a mini-navigation course and rock climbing and abseiling training. If you weren't there, you missed out! Thanks especially to those who led the various activities: Boris, Ulli, Ross and Janine.

Roger Diamond

Dwarsbergplato en Victoriapiek, 21 – 22 Oktober 2006

Saterdagoggend ontmoet 8 lede en 2 gaste die 13 Tygerbergers by Jonkerhoek se hek en met die toestemming van die reservaat bestuurder het ons ons motors by die Witbrug parkeer en begin stap. Na 2 ½ uur was ons

groep van 23 op Bergriviernek. Daar het 'n koppie tee en koekies die onfikses gelawe en kon ons weer verder. Van Bergriviernek af het die mooi blomme begin en toe was die moeg ook weg. Daar was plate en plate van die Viersuster heide (Erica fastigiata) en van die Erica longifolia en nog 'n stuk of vier ander soorte heide waarvan ons die name nie kon opspoor nie. So teen een uur het ons die reënmeter bereik en 'n ent verder op die rif na Victoriapiek kamp opgeslaan en middagete geëet. Dit was nog vroeg en almal wou toe die Victoriapiek klim. Ons was binne 'n uur bo met 'n mooi uitsig in alle windrigtings! Terug in die kamp het ons aandete gemaak en gesels tot ons omgeval het van die vaak. Die suidoostewind het so effens opgesteek, die miswolke het om die bergtoppe gewarrel en ons was bly dat ons klaar daar bo was. Later in die nag het die wind gaan lê en ons het lekker natgedou.
Sondagoggend het ons rustig opgestaan en opgepak na die son ons bietjie droog gebak het. Dit was so 'n mooi dag en ons is eers met die riviertjie van die reënmeter af by die mooi swemgate verby waar 'n paar dapperes geswem het en toe oor Kurktrekker se nek na Swartboskloof se bopunt met mooi uitsigte na alle kante. Oppad daarheen, by die eerste water, was dit weer teetyd. Halfpad in Swartboskloof af, by die boom met die luiperd krapmerke, het ons middag gemaak en al ons kos opgeëet. Ons was teen halfvier onder, lekker moeg, en gelukkig.

Maretha Steinmann

Zeebasbosch werksnaweek, 28 – 29 Oktober 2006

Saterdag stap ons (Gerhard en Freda) op met die jeeppad en eet middagete in die bloekombos. Toe kies ons koers na links, al met ons noordelike grens lanks, oor die kaal kolle en deur tekens van vorige skoonmaak operasies. Ons kruis die bedding van Varingfonteinkloof se stroom en vind 'n kampplek by 'n prominente rotsvin. Die middag lewer ons soektog na water vrugte af toe ons die "fontein", wat aan Varingfonteinkloof sy naam gee, vind. Ook hier is tekens van afgesaagde hakea, maar hierdie groot deel van die eiendom is skoon. Terug by die rotsvin word ons vermaak deur 'n toktokkie, en doop sommer die plek "Toktokkie-kamp". Die aand slaap ons heerlik onder die sterre. Sondag kontoer ons terug suid en probeer so na as moontlik aan die kranse bly. Na 'n uur se vergeefse saag aan 'n groot denneboom besef ons dat ons maar die heel grotes sal moet bas. Tot middagete bas en saag ons 'n hele klomp denne en hakea waarna ons afstap oor die kaal kolle en met die grondpad van die buurplaas se een wingerd terug tot op Drie Gewels. 'n Fantastiese en lonende naweek.

Freda van Wyngaardt

• DIE BESTUUR VIR 2006/2007

Voorsitter	Gerhard van Wyngaardt	083 233 4927	voorsitter by ste.mcsa.org.za
Lede sekretaris en Tesourier	Pieter Diener	021 887 2265 (h)	lidmaatskap by ste.mcsa.org.za
Sekretaris	Louw Engelbrecht	082 781 0783	sekretaris by ste.mcsa.org.za
Nuusbriefredakteur	-- Vakant --		nuus by ste.mcsa.org.za
Klimprogram	Paul Verhoeven	021 887 4113 (h)	uitstappies by ste.mcsa.org.za
"Development"	-- Vakant --		nuus by ste.mcsa.org.za
Toerusting	Paul Verhoeven	021 887 4113 (h)	toerusting by ste.mcsa.org.za
Webmeester	Riaan Doorduin	083 289 3942	webwerf by ste.mcsa.org.za
Klub sleutels	Louw Engelbrecht	021 852 0443 (h)	sleutels by ste.mcsa.org.za

In 'n poging om gemors e-posse te stop is daar besluit om die e-pos adresse tans toegeken aan die bestuur te verander na Afrikaans. Die proses sal ten volle geïmplementeer word sodra die volgende nuusbrief uitkom. Ons moedig lede aan om gebruik te maak van die Afrikaanse e-pos adresse.

Die bestuur is ook per faks bereikbaar. Ons sal jou faks boodskap per e-pos ontvang. Die faksnommer is 086 628 5477.

• NUTTIGE KONTAKNOMMERS

BKSA Kaapstad Afdeling Kantoor:	021- 465 3412
WKNBR Jonkershoek Kantoor:	021-866 1560
Jonkershoek Reservaat bestuurder	Patrick Shone 082 467 0405
Bergredding: Metro/WSAR	10177 of 021-948 9900
Cape Nature: http://www.capenature.org.za/Bookings/html/bookings.html	

Nuusbrief versorg deur Paul Verhoeven
einde van nuusbrief No 247